2. Finansies

2.1 **<u>Skriftuurlike begronding/verantwoording</u>** (Handelinge 2006:327, 4 [soos bygewerk]).

Die bruid van die Here moet in haar skoonheid versorg word. Wie sou haar/sy dogter in ‘n verslete bruidsrok voor ‘n kansel laat staan? Maar die bruid waarvan ek en jy deel is – die kan gebrekkig gaan. Die bruid kan maar verslete voorkom, kan maar ‘n oortrokke rekening hê, kan maar skuld hê, kan maar slegte skuld hê. Die Bruidegom, Christus, wil sy bruid (kerk) in haar skoonheid (deur sy bloed) voor Hom hê. Haar glans is die trots van sy verlossing. Hy het die skuldrekening vir sy bruid ten volle betaal. Hierdie glans wys sy bruid o.a. in haar dankoffers. Aan die ander kant lyk dit sleg as die bruid skuld het of ‘n oortrokke bankrekening.

2.1.1 <u>Relevante Sinodebesluite</u>

Die Sinode van 1958 neem ‘n beskrywingspunt van Klassis Potchefstroom ter tafel oor “Tiendes as kerklike bydraes”.

> *Die Sinode neem met waardering kennis van hierdie stuk en beveel dit by die kerkrade aan vir hul ernstige aandag” (Sinode 1958:522, art 237).*

Die oorspronklike rapport oor die “Die Tiendes” verskyn in sy geheel in “*Die Kerkalmanak*” van 1956.

2.1.2 <u>Skriftuurlike besinning oor “bydraes”</u>

(Met vergunning van ander skrywers.)
Die Bybel praat van “DANKOFFER” (2 Kor 9:5).
Twee elemente kom na vore:
DANK en OFFER –
Uit dankbaarheid bring ek my gawe/dankoffer na die Here toe.
OFFER –
Dit is offer wat ek bring – ek bring dit met die wete dat ek die Here dien.
2 Kor 9:12-15 – Dit is diensbetoning – ‘n wesenlike element van ons godsdiens.
Rom 15:27-29 – Dit is die vrug van ons arbeid in geloof. Dit is seën van ons geloof. Dit is offer wat ek bring – ek bring dit met die wete dat ek die Here kom dien. Uit dankbaarheid bring ek my gawes na die Here toe.

2.1.2.1 <u>My dankoffer is deel van my totale diens aan God</u>

HK, Son 38: “God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou moet word...”. Om die 4de Gebod na te kom, is om in die besonder God te dien.

2.1.2.2 <u>Hoekom moet dankoffers gegee word?</u>

Ons, met alles wat ons besit, behoort aan die Here – Rom 14:7,8.
HK, Son 1: Alles wat ek is en het behoort aan Jesus Christus. Ons is bloot rentmeesters van Gods se besittings. Dankoffers is deel van ons dankbaarheidslewe, 2 Kor 8:6; 2 Kor 9:5,7.
Ons moet gee uit dankbaarheid vir ons verlossing en vir alles wat ons van God ontvang het. Dit is ‘n opdrag van God, Lev 27:32; Mal 3:10.
Dit is die gelowige se taak om te voorsien in die instandhouding van die erediens, Num 18:8 en 31; Deut 18:1-4; 2 Kor 9:14; Luk 10:7.
Sodat God se eer gehandhaaf word, Mal 1:6-14.

2.1.2.3 <u>Wie moet dankoffers gee?</u>

Kerk wees is om deel aan mekaar te hê. Soos een liggaam, een huisgesin een kudde, Ef 2; Ef 4; 1 Kor 12.

Elkeen moet bydra, 2 Kor 9:7.
Ouderlinge en diakens moet hierin voorgangers wees.

2.1.2.4 Met watter gesindheid moet ek gee?

Uit dankbaarheid, 2 Kor 8:6. Ons moet gee uit dankbaarheid vir ons verlossing en vir alles wat ons van God ontvang het.
Vrywillig – nie uit dwang nie.
2 Kor 9:5,7; Eks 35:5 vrywillige offergawe; 2 Kor 8:12 as die goeie wil daar is.
Die eersteling, Eks 13:12; Eks 15:18-21; Spr 3:9.

2.1.2.5 Hoeveel moet ek gee?

Ou Testament – Tiende, Gen 14:23; Num 18:19. Die gee van tiendes van jou inkomste was in die Ou -Testamentiese tyd verpligtend. Vir ons in die Nuwe Testamentiese tyd is dit nie meer verpligtend in die sin wat dit was in die Ou Testamentiese tyd nie. Tog is dit vandag nog vir ons ‘n goeie en Skriftuurlike voorbeeld en riglyn (vgl. Lev 27:30; Mal 3:8; Luk 11:42).
Elkeen moet gee volgens sy vermoë en ooreenkomstig die seëninge wat hy uit die hand van die Here ontvang (Deut 16:16,17; 1 Kor 16:2; 2 Kor 8:13, 9:7). My dankoffer is die belydenis/erkenning van hoe die Here vir my sorg.
Matt 23:23, gesindheid. Nie willekeurig nie. Dit is ‘n OFFER.
Deut 16:17, in die mate wat God jou seën.
1 Kor 16:1, na mate jou voorspoed.
Matt 22:21, gee wat aan God toekom.
Riglyn – Kerkraad en Sinode. Matt 16:19; 1 Kor 16:1.
Kerkraad se regeertaak sluit ook in om die middele te voorsien vir die Woordbediening.

2.1.3 God belowe Sy seën oor die wat gee!

Wie volop saai sal volop oes, 2 Kor 9:6,8. Toets my hierin sê die Here, Mal 3:10-12. Die moeite is tevergeefs as ons prioriteite verkeerd is (Haggai 1:7-9).
Die Studiedeputate is huiwerig om ‘n vaste dankofferriglyn te gee. Die beginsel is duidelik. Die Skrif sê ‘n Tiende. Sinode 2009 bevestig vorige Sinodes se riglyn van 5% van bruto inkomste na belasting.

2.2 Ander aanvaarbare metodes van inkomste-generering (Handelinge 2006:329, 5)

Nêrens in die rapporte en in die besluite, wat sedert 1907 voor die onderskeie Sinodes gedien het word die generering van fondse deur verkopings, konserte, ens., as ‘n oortreding van ‘n gebod gesien nie.

Elke keer word dit as ‘n “zeer ongewenschte afwijking” gesien (Sinode 1907:46, art 149). Maar daar is nooit deur die Sinode besluit dat ‘n Kerkraad vermaan moet word wat op hierdie maniere fondse bymekaar maak nie. Telkens word slegs gemeld dat dit “nie behoort te geskied nie en dat waar dit in gebruik is, daarmee nie voortgegaan behoort te word nie”.

Sinode 1955, pt (1): In die rapport wat voor die Sinode van 1955 gedien het word KO, art 11 soos volg benadruk “die nadruk waarmee KO, art 11 gelees moet word, nl. dat die diens van die Woord onderhou moet word deur die lidmate self” (1955:380, 1). Die instandhouding van die diens van die Woord is nie net die versorging van die predikant nie. Die hoofsaak is dat “dit deur die Heilige Skrif uitdruklik geleer word dat die kerklike diens deur die lidmate self onderhou moet word.

Bo en behalwe maandelikse offergawes ontvang kerke gelde deur middel van verhuring van geboue of grond, verkoop van grond, tantiemes van sekere regte, boedelmakings of rente op trustfondse. Selfs die Algemene Sinode (deur middel van die Bestuur van die Administratiewe Buro) beheer die rente van boedelbemakings en die verhuur van geboue as kantoorruimtes en as woonstelle vir teologiese studente.

Baie kerke samel steeds addisionele fondse in deur die verkoop van tuisgemaakte boerewors, koeksisters, koektafels, hou van konserte, visvangkompetisies, fietswedrenne, môremarkte en die verkoop van kos tydens 'n plaaslike skou of kunstefees.

Lidmate moet getrou hulle dankbaarheid aan die Here bewys deur getrou hulle offergawes (hulle tiendes) na die huis van die Here te bring vir die instandhouding van die erediens. "Instandhouding van die erediens" beteken dat die bediening van die Woord in sy totaliteit kan voortgaan en groei.

Fondsinsameling vervang dus nie die verantwoordelikheid van die lidmate om hulle offergawes getrou volgens die Skrif af te dra nie. Kerkrade kan egter met verantwoording ruim hulle finansiële posisie verbeter deur fondse in te samel.

2.3 Finansiële Bestuur

2.3.1 Begrotings

Allereers moet ons ingedagte hou dat alle gelde en fondse beskou moet word as trustgeld en moet daar met groot omsigtigheid met kerkgeld gewerk word.

Aangesien die Here sy kerk onderhou (en dus ook sy kinders in hulle lewensonderhoud versorg – Matt 6:33b & 34), moet die kerk fokus op haar roeping en taak. In hierdie lyn sou dit aanbeveel kon word dat 'n Kerkraad met verantwoording 'n begroting opstel (dit is die kosteberekening om die Woord in die gemeente en gemeenskap te bedien) en dan gaan die Kerkraad na die gemeente (lidmate) om die geld "in te samel" (om die gemeente uit die Skrif te inspireer om offer van dankbaarheid te bring).

Daar is twee maniere hoe 'n begroting opgestel word

a) *Stuur ouderlinge uit met beloftekaartjies om sodoende die vermoë van die gemeente te bepaal en op grond van die inligting word 'n begroting opgestel.*
b) *Die Kerkraad stel met verantwoordelikheid 'n begroting op wat dit sal kos om die Woord in die gemeente en gemeenskap te bedien en stuur dan die ouderlinge uit om die geld in te samel.*

2.3.1.1 Kerk se begroting (Hoe gaan ons die voertuig ry?)

2.3.1.1.1 Wegtrek (dit is die beginsel)

- Ons is kerk. Ons is anders as 'n maatskappy of 'n besigheid. Daarom is ons wegtrek en manier van doen anders.
- Ons gemeente se begroting is 'n koninkryksbegroting. Want ons kerkwees gaan in wese om en fokus op die "koms van die koninkryk van God" (Matt 3:2 & 4:17).

2.3.1.1.2 Die pad wat ons loop

- Voordat ons 'n begroting opstel, verstaan ons dat ons aan die Skrif (Bybel) gehoorsaam is. Dit beteken dat ons gaan bepaal hoe ons as kerk aan God gehoorsaam is in ons werk as kerk na binne en na buite (stel 'n bedieningsplan op).
- Ons moet duidelikheid vir onsself kry wat die doel van die begroting is.

- Hieruit moet ons eers vasstel wat nodig is om die werk van God te kan doen. Ons bepaal dus watter middele nodig is (begroting is eintlik ‘n uitgawebegroting)
- Dan moet ons beplan hoe ons die middele (wat aan die Here behoort) in die hande kry (dankoffers en ander metodes)
  Nota’s:
  - Omdat die kerk die liggaam van Christus is en ons almal lede is van die liggaam (1 Kor 12:12–20), is al die lede saam verantwoordelik vir die begroting.
  - Omdat ons kerk is, doen ons beplanning en begroting in vertroue op die Here.

2.3.1.1.3 Aan die einde van die pad

- Maandeliks/Kwartaalliks kry ons terugvoering van inkomste en uitgawes. Daaruit weet ons hoe ons met die uitvoering van ons begroting vorder (kontrole, verantwoording).
- Aan die einde van die jaar kyk ons hoe ons gevorder het met die uitvoering van die bedieningsplan en hoe die begroting daarmee saam geloop het (kontrole, verantwoording).
- Vordering met die uitvoering van die bedieningsplan wys vir ons die goeie dinge wat ons bereik het en die dinge wat ons nie kon bereik nie. Wat nie bereik is nie, is reeds van die doelwitte/mikpunte wat vir die nuwe jaar gestel word.
- Ons kom nou ook agter of ons van die geld effektief gebruik het en begin daaroor dink hoe om dit vir die nuwe jaar meer effektief te gebruik (want dit is die Here se middele – Ps 24).

2.3.1.1.4 Slaggate op die pad

- *Inkomstebegroting*: die gebruik van “beloftelyste” om daaruit ‘n begroting saam te stel, kan ‘n slaggat wees wat ‘n kerk/gemeente baie keer laat vasval. Hierdie slaggat laat ‘n kerk of spoed verminder (“ons kan sekere dinge nie doen nie, want ons het net soveel geld”) of laat die “wiele” van die kerk tot stilstand knars (“ons kan nie beroep nie, ons kan nie dit of dat nie”) en dan is daar geen beweging nie. Die genade van God is onmeetbaar meer as al die somme wat ons saam kan maak. Die krag van ons Here, Jesus Christus, bereik veel meer as die krag van al die rekenaarprogramme en sakrekenaars saam. ‘n Inkomstebegroting kan die prioriteit van gehoorsaamheid aan en afhanklikheid van God ignoreer .

2.3.1.1.5 Noodsaaklikhede en ekstra’s vir die pad

- *Volbegroting*: op die pad is ‘n voertuig noodsaaklik. Maar dit voel net baie beter op die pad as die voertuig lugreëling het, ABS met EBD, ‘n goeie klankstelsel en dalk daardie iets ekstra van ‘n DVD. Dit is so dat die rit gemakliker is en die insittendes varser by hulle bestemming kom en dus meer produktief sal wees as uitgeputte reisigers. Maar dan is dit net die wat dit werklik kan bekostig, wat hierdie ekstra’s in hulle begroting sit.
- *Op-die-been-begroting*: belangrik is om te bepaal wat allernoodsaaklik vir die bediening is. Is dit absoluut noodsaaklik dat ons gemeente met ‘n Mercedes moet ry, as ‘n Toyota ons net so goed by God se bestemming vir ons kan bring? Want die primêre is nie wat ons graag wil hê nie, maar die uitbreiding van die koninkryk van God.

2.3.1.1.6 Sekere padtekens

Dit is belangrik dat alle kontant deur ten minste twee persone hanteer word. Alle tjeks word deur ten minste twee persone onderteken. So behoort alle elektroniese transaksies deur een persoon opgestel te word en dan deur een of twee ander gemagtig te word. Die Kerkraad moet homself vergewis dat alle inkomste en

uitgawes kruisgekontroleer word om sodoende enige moontlike diefstal/bedrog te beperk. Dit lê reeds in die beginsel van die getuienis van twee of drie persone en dien om persone te beskerm.

Elke transaksie moet ‘n stawende dokument hê. Wanneer geld ingekom het (dis ‘n transaksie), is die dokument ‘n kwitansie. Wanneer geld uitgegee word (dit is ‘n transaksie) behoort daar ‘n rekening (faktuur) en kwitansie te wees. Dit is die beste manier om bewys te gee van wat ingekom of uitgegee is. En dit maak kontrole moontlik en makliker.

2.4 Ouditering

Boekhouding en ouditering (nagaan en kontrolering van finansiële state) is die beskerming vir die Kerkraad en die gemeente. Alhoewel dit maar ‘n onderdeel van die finansiële voertuig is, moet finansies altyd deursigtig hanteer word. Dit begin by die boekhouding: elke transaksie moet opgeskryf word.

Intern en ekstern

Kontrole oor die inkomste en uitgawes (intern) word ten minste kwartaalliks gedoen, sodat almal hulle kan verantwoord oor die pad/roete van die bediening. Die middele (geld) waarmee gewerk word, behoort aan die Here, deur middel van die dankoffers van die lidmate. Daarom behoort elke bestuurder op hoogte te wees van die stand van sake om onsekerhede en vrese te voorkom.

Een keer per jaar behoort die state ekstern geoudit te word, d.w.s. deur ‘n persoon buite die gemeente. Sodanige persoon moet as rekenmeester of ouditeur gekwalifiseerd wees. Eksterne oudit dien as beskerming vir die kassier en Kerkraad.

2.5 Versekering van fondse en eiendomme

2.5.1 Versekering

Elke gemeente word gewys op die noodsaak daarvan om te sorg dat al hulle geboue en toerusting voldoende verseker is teen alle risikos.

2.5.2 Eienaarskap van eiendomme

Aangesien die bestaande Kerkorde van die GKSA geen bepalings het omtrent die eiendomme van die afsonderlike kerke het Sinode 1982 (Acta 1982:630B, 6.1.1-6.2.4) die volgende verklaar:

6.1.1 Elke Gereformeerde Kerk binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is alleen eienaar van sy goedere en fondse en al sulke goedere en aktes daaroor en alle verbande in sy guns op las gepasseer, word geregistreer en gedoen op en in naam van die betrokke kerk en wel soos volg: Die Gereformeerde Kerk ……..

6.1.2 Die Kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg in naam en ten behoewe van sy kerk tot alle eiendomsdade van watter aard ook, maar in besonder en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorgaande om roerende en onroerende goedere te koop, te huur, te verhuur, te verkoop, met verband of servitude of ander laste te beswaar, verder om roerende en onroerende goedere om oorsake wat die betrokke Kerkraad genoegsaam oordeel, weg te skenk of teen minder as die waarde daarvan oor te maak en om fondse op verbande of ander deur die Kerkraad goedgekeurde sekuriteit uit te leen en te belê.

6.1.3 Die Kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg om gevolg en uitvoering te gee aan al die voorgaande handelinge ingesluit die transport van onroerende goedere, om alle dokumente te teken of te laat teken deur sodanige persoon of persone as wat deur die Kerkraad daartoe gemagtig word.

6.1.4 Bostaande geld vir alle bestaande en nog te stigte Gereformeerde Kerke binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

2.6 Elektroniese transaksies en boekhouding

Die Kerkraad moet hom vergewis dat slegs gemagtigde persone hierdie stelsel kan gebruik en dat die nodige kontrole hieroor ook gehandhaaf word. Gereelde verslagdoening aan die finansiële kommissie sowel as die Kerkraad is noodsaaklik.

Wanneer ‘n predikant verhuis na ‘n ander gemeente moet alle gemeentelike inligting vanaf sy rekenaar oorgeplaas en verwyder word.

2.7 Finansiële Konstitusie

GEREFORMEERDE KERK

Besluit van die Gereformeerde Kerk ?????? geneem te ……

op …. dag van ……..20….

Vir die instandhouding en regering van die Gereformeerde Kerk ????????? is daar in `n kerkraad wat verantwoordelik is vir die belange en die regering van die plaaslike kerk as regspersoon met verantwoording aan die Kerkraad en die gemeente. Die Kerkraad is verantwoordelik om aan alle aspekte van die Kerkregering aandag te gee, waaronder ook die finansies met ‘n spesifieke gerigtheid op die instandhouding van die erediens (vergelyk Kerkorde, artikels 11, 13, 16, 23, 26, 37) gevolglik word besluit

1 Dat die kerk funksioneer ingevolge die Kerkorde vir die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika (aangeheg bylae “A”).
2 Dat die Finansiële aangeleenthede bestuur word deur die kerkraad ingevolge die Finansiële beleid (aangeheg bylae “B”).

Geteken as `n getroue weergawe van die besluit van die Kerkraad

……..

Voorsitter

……

Skriba

Datum …….

BYLAE B.

BEPALINGS INSAKE DIE HANTERING VAN FINANSIëLE AANGELEENTHEDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK XXX

1 Die Gereformeerde Kerk XXX is ‘n regspersoon en bestaan in eie reg afsonderlik van sy lidmate

2 Die Gereformeerde Kerk XXX is ‘n openbare weldaadsorganisasie ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 en ressorteer ingevolge die negende bylaag van die genoemde Wet onder

- paragraaf 5 a): “Die bevordering of beoefening van Godsdiens wat dade van aanbidding, getuienis, onderrig en gemeenskapsdiens insluit, gebaseer op die Christelike geloof” en
- paragraaf 5b ,: “Die bevordering of beoefening van die Christelike geloof”

3 Die Gereformeerde Kerk XXX het die bevoegdheid om regte en verpligtinge te hê, te verwerf, te vervreem of oor te dra afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lidmate daarvan en is as sodanig bevoeg om:

3.1.1 eiendom, roerend of onroerend, stoflik of onstoflik, te verwerf, te besit en te vervreem;

3.1.2 enige en alle ooreenkomste te sluit en regshandelinge aan te gaan wat nie met die doelstellings en funksies van die Kerk strydig is nie;

3.1.3 as party in regsgedinge op te tree; en

3.1.4 sodanig in die regsverkeer op te tree as wat nodig mag wees om die doelstellings en funksies daarvan te vervul.

4 Geen bates van die Gereformeerde Kerk XXX mag op enige wyse hoegenaamd onder lidmate of werknemers verdeel word nie, en dit mag alleen vir die bevordering van die doelstellings en die uitvoering van die funksies daarvan aangewend word.

4.1 Die Gereformeerde Kerk XXX bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lidmate daarvan.

5 Alle besluite oor finansiële sake word deur die Kerkraad geneem. Die Kerkraad mag hierdie magte volgens eie diskresie aan een of meer kerkraadslede of lidmate delegeer (dit sluit in die aanwysing van tekenmagte namens die Kerkraad).

6 Indien daar te enige tyd minder as drie onafhanklike persone op die Kerkraad is wys die Kerkraad ten minste drie onverwante lidmate aan om die finansiële sake van die Kerkraad as fidusiëre funksionarisse uit te voer.

7 Geen gemeentelid of werknemer sal direk of indirek ekonomies bevoordeel word nie, anders as bywyse van redelike vergoeding, traktement of ingevolge die normale aktiwiteite van die Kerk.

8 Fondse van die Kerk sal slegs gebruik word vir die doel van die Kerk.

9 By ontbinding van die kerk sal die fondse verdeel word ingevolge die Kerkorde onderhewig daaraan dar die fondse slegs oorgedra word aan:

- ‘n openbare weldaadsorganisasie soos goedgekeur in terme van paragraaf 30 van die Inkomstebelastingwet of;
- enige openbare weldaads organisasie wat inkomstebelastingvrystelling het, in terme van paragraaf 10(1)(cA)(i) van die wet.

10 Geen buitensporige traktement sal aan enige predikant betaal word nie en geen buitensporige vergoeding sal aan enige werknemer, ampsdraer of lidmaat betaal word nie, (in vergelyking met, wat as redelike vergoeding vir enige taak beskou kan word).

11 Die kerkraad sal nie deel neem aan enige transaksie of skema wat die vermyding, vermindering of uitstel van verskuldigde belasting ten doel het nie.

12 Die kerkraad sal nie sy hulpbronne aanwend om direk of indirek enige politieke party te bevoordeel of te benadeel nie.

13 Geen dankoffers of donasies wat herroepbaar is op versoek van die gewer, sal aanvaar word nie. Geen gewer / donateur mag enige voorwaardes koppel aan enige dankoffer / donasie waaruit hy/sy of enige van sy/haar verwante persoon self enige voordeel kan verkry nie.

14 Hierdie finansiële bepalings mag by wyse van ‘n meerderheidsbesluit van die die kerkraad gewysig word.

15 ‘n Kopie van enige veranderinge aan hierdie beleid sal aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens gelewer word.

Geteken te .....op hierdie.....dag van .....20...

....

(Voorsitter van die kerkraad) *(Skriba*